*Journal for Contemporary History* 40(1) / *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 40(1): 77-101
© UV/UFS • ISSN 0285-2422

# ’N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE KAPELAANSVROUEKOMITEE, c. 1970-1990

**Izette Bredenkamp[1] en André Wessels[2]**

***Abstract***

*This article forms part of a project in which the history of military chaplains in South Africa is traced. One of the neglected aspects of military chaplaincy is the role and influence of the spouses of military chaplains. Since 1976, the Chaplains' Wives Committee, an organisation consisting of the spouses of the command structure of the South African Chaplain Service (SACHS), coordinated the efforts and outreaches of the wives of chaplains in expanding the boundaries of support for military personnel and their families; indirectly contributing to the wellbeing of the South African society at large. This article traces the history of the Chaplains' Wives Committee and the significance of its leadership, thereby providing a different perspective on the military context, which is usually defined in masculine terms. It also contributes to the documentation of the history of South African women's organisations.*

**Keywords:** South African Chaplain Service (SACHS); Chaplains' Wives Committee; spouses; gender; organizations; Elsa van Zyl; Ria Naudé.

**Sleutelwoorde:** Suid-Afrikaanse Kapelaansdiens (SAKD); Kapelaansvrouekomitee; eggenotes; geslag; organisasies; Elsa van Zyl; Ria Naudé.

## 1. INLEIDING EN AGTERGROND

Sosioloë sien organisasies as instrumente wat mense gebruik om deur samewerking doelwitte te bereik wat hulle nie op hulle eie sou kon bereik nie en wat bepalend vir gemeenskappe se gedragspatrone en waardes kan wees. Anders as sosiale sisteme wat oor lang tydperke deur gebruike en tradisies in gemeenskappe ontwikkel, word die stigting van organisasies doelgerig beplan en die ledetal kan wissel van min tot geweldig baie. Nie alleen koördineer organisasies baie aktiwiteite en hulpmiddels in die moderne samelewing nie, maar dit beeld dikwels ook die gesagsverhoudinge in ’n gemeenskap uit. ’n Organisasie word dan ook omskryf as ’n groep mense

1 Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-pos: bredenis@ufs.ac.za

2 Senior Professor en Departementshoof, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat en Besoekende Professor, University of New South Wales at the Australian Defence Force Academy (UNSW@ADFA), Canberra, Australië. E-pos: wesselsa@ufs.ac.za

met 'n identifiseerbare ledetal wat kollektief en gekoördineerd saamwerk om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik.[3]

Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het organisasies toenemend die funksies wat tradisioneel hoofsaaklik deur die familiestruktuur verskaf is, begin oorneem en 'n al belangriker rol in samelewingsverbande begin speel. Die vraagstuk van geslag het egter weinig aandag in akademiese debatte oor die aard en funksionering van organisasies geniet. Organisasieteorieë soos dié van Max Weber en die gesprekvoering daaroor het mans in die sentrum van organisatoriese studies geplaas. Dit was eers gedurende die 1970's dat meer spesifiek na die rol van die vrou in organisasies gekyk is. Feminisme het die uitgangspunt gehuldig dat die struktuur van organisasies teen vroue diskrimineer omdat vroue in posisies opgeneem word met die uitsluitlike verwagting dat hulle 'n ondersteunende rol ten opsigte van manlike bestuur en loopbaanvorming sal speel. Organisasies is gevolglik vir 'n lang tyd deur geslagswanbalanse en die uitsluiting van die vrou in besluitnemingsposisies gekenmerk.[4] Anthony Giddens wys daarop dat, benewens die feit dat daar nie konsensus in die akademiese literatuur oor die oplossing vir dié wanbalanse is nie, feminisme tot 2012 'n baie beperkte invloed op organisasie-navorsing gehad het en dat die debat oor geslagsvooroordele in organisasies nog lank nie tot 'n vergelyk gekom het nie.[5] Akademici, soos Anne Sigismund Huff van die Technische Universität München, is selfs van mening dat die aanstelling van vroue in besluitnemingsposisies, soos tans toenemend in organisasies gebeur, ironies genoeg, bloot die tradisionele patriargale[6] bestel na organisasies verskuif het. Vroue in besluitnemingsposisies aanvaar dikwels aanspreeklikheid vir sake wat hulle manlike eweknieë bloot sal verwerp as nie deel van hulle verantwoordelikhede nie.[7]

Hoewel die vrou dus tot die laaste dekades van die twintigste eeu 'n mindere rol in hoofstroomorganisasies gespeel het, het vroueorganisasies dikwels in die westerse konteks rondom die man se loopbaan ontstaan. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan kerklike organisasies soos die Amerikaanse Metodiste Kerk se "Connectional Organizations" wat ondersteuning aan die eggenotes van leraars bied, die Ross Mediese Universiteitskool se "Ross Spouses Organization" en talle

---

3 A Giddens, *Sociology* (6[de] uitgawe, Cambridge: Polity Press, 2012), p. 783; J Ferrante, *Sociology: a global perspective* (7[de] uitgawe, Belmont: Wadsworth Cengage Learning, 2011), p. 144; D Kendall, *Sociology in our times* (Belmont: Wadsworth Cengage Learning, 2011), pp. 174, 177.

4 Giddens, pp. 784, 804-805.

5 *Ibid.*, p. 805.

6 Die term "patriargie" verwys na gemeenskappe waar die familiestruktuur op die vader, eerder as die moeder se afkoms gegrond is. Die feministiese literatuur het verskillende benaderings tot die term, maar gebruik dit deurgaans om na manlike dominansie te verwys. J Fulcher en J Scott, *Sociology* (Oxford: Oxford University Press, 2007), p. 161.

7 Vergelyk Harzing.com: Research in International Management, A Sigismund Huff, "Wives of Organizations", <www.harzing.com/huff_wives.htm>, leesdatum 3 September 2014.

militêre organisasies soos die “Navy Wives Clubs of America”.[8] Hierdie vorm van organisasie vorm inderwaarheid ’n verlengstuk van die man en sy werksomgewing, maar dit verhinder nie dat vroue op hierdie wyse hulle stempel afdruk en ’n verskil aan die sosiale welstand van ’n gemeenskap maak nie, soos duidelik uit die leuse van die “Navy Wives Clubs” spreek: “They also serve who stay and wait.”[9] In die Suid-Afrikaanse militêre milieu het talle soortgelyke organisasies rondom die man se loopbaan ontstaan en in 1970 het dit in die sambreelorganisasie, die Weermagdamesvereniging, gekulmineer.

Tot 1994 is die Suid-Afrikaanse militêre terrein as ’n manlike domein beskou en vroue het, in ooreenstemming met waarnemings deur die feministiese skool, slegs tipiese organisatories-ondersteunende poste in die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW)[10] beklee. Die eerste volwaardige vroulike militêre kapelaan in Suid-Afrika is eers op 1 Junie 1995 aangestel.[11] Desnieteenstaande het die eggenotes van staandemagkapelane saam met hul mans verantwoordelikheid vir die geestelike welsyn van die Suid-Afrikaanse militêre gemeenskap aanvaar[12] en hul lidmaatskap van die onderskeie weermagdele se vroueorganisasies onder die sambreel van die Weermagdamesvereniging het hulle in staat gestel om binne die dampkring van die man se werksomgewing ’n bydrae te maak. Die eiesoortige aard van kapelaansvroue se bydraes het in 1976 daartoe gelei dat die Kapelaansvrouekomitee binne die konteks van die Suid-Afrikaanse Kapelaansdiens (SAKD) se Hoofkwartier gestig is. Hulle doelwit was om die taak van kapelaansvroue te omskryf en te rig sodat hulle projekte op geestelike gebied ’n groter bydrae tot die Suid-Afrikaanse militêre gemeenskap kon lewer. In hierdie konteks wil hierdie artikel die klem op die Kapelaansvrouekomitee laat val deur chronologies na die

8 Vergelyk The Christian Methodist Church, “Connectional Organizations of the Christian Methodist Church”, <www.thecmechurch.org/connectionalorganizations>, leesdatum 4 Augustus 2014; Ross University School of Medicine, “Ross Spouses Organization”, <http://rosspouses org.wix.com/home>, leesdatum 4 Augustus 2014; Navy Wives Clubs of America, Inc., “About the Navy Wives Clubs of America”, <www.navywivesclubsofamerica.org/>, leesdatum 4 Augustus 2014.

9 Navy Wives Clubs of America, Inc.

10 Die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) is die benaming wat met die promulgering van die *Verdedigingswet, Wet 44 van 1957*, aan die Unie-Verdedigingsmag (UVM) gegee is. Laasgenoemde organisasie het sedert 1912 bestaan. Die SAW het om middernag, 26-27 April 1994, ophou bestaan en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) het tot stand gekom deur ’n samesmelting van die statutêre weermagte van die Transkei, Bophuthatswana, Venda, Ciskei en Suid-Afrika, en die nie-statutêre magte van uMkhonto weSizwe (MK) en die Azanian People’s Liberation Army (Apla). Sien SG van Niekerk, *The history, role and influence of the South African military chaplaincy, 1914-2002* (DD, Universiteit van Suid-Afrika, 2002), pp. 2, 179, 211.

11 *Ibid.*, p. 248.

12 Vir ’n vollediger beeld van die rol wat kapelaansvroue as predikantsvroue en as offisiersvroue in die Suid-Afrikaanse militêre milieu gespeel het, sien I Bredenkamp en A Wessels, “’n Historiese perspektief op die kapelaansvrou in die Suid-Afrikaanse militêre milieu”, *New Contree: A Journal of Historical and Human Sciences for Southern Africa* 69, Julie 2014, pp. 120-140.

stigting, die werksaamhede en die belang van die organisasie te kyk totdat dit in die vroeë negentigerjare ophou funksioneer het; om daarmee ook ’n faset van vroueorganisasies in Suid-Afrika toe te lig.

Arthur Marwick se navorsing oor die rol wat Britse vroue in die militêre konteks van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) gespeel het, het bevind dat daar in vroueorganisasies dikwels een, en soms selfs twee of drie, sterk leiersfigure na vore tree wat ’n rigtinggewende invloed in die organisasie en in die gemeenskap uitoefen.[13] In ooreenstemming met Marwick se waarneming, sal die soeklig in hierdie artikel op veral twee leiersfigure in die Kapelaansvrouekomitee val, naamlik me. Elsa van Zyl, eggenote van genl.-maj. (ds.) JA van Zyl, kapelaan-generaal vanaf 1973 tot 1983, en me. Ria Naudé, eggenote van genl.-maj. (ds.) CP Naudé, kapelaan-generaal vanaf 1983 tot 1990.

Inligting is verkry uit die kapelaansvrouehandleiding,[14] berigte uit die amptelike kapelaanspublikasies, semi-gestruktureerde mondelinge getuienis van lede van die Kapelaansvrouekomitee en die dokumenteversameling van me. Ria van Rensburg.[15] Tydens opruimingsprosesse by die Kapelaanshoofkwartier is dokumente, soos die vergaderingsnotules, vernietig.[16]

Aangesien die Kapelaansvrouekomitee as organisasie binne die konteks van die SAKD ontstaan het, en hulle die taak van kapelaansvroue as lede van die damesverenigings binne Weermagdamesvereniging-verband gerig het, word kortliks by die ontstaan en funksionering van hierdie twee organisasies stilgestaan.

## 2. KONTEKSTUALISERING VAN DIE KAPELAANSVROUEKOMITEE

### 2.1 Die Suid-Afrikaanse Kapelaansdiens (SAKD)

Hoewel die Suid-Afrikaanse militêre kapelaansbediening sy beslag tydens die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 gekry het, is dit eers op 1 April 1973 as ’n onafhanklike en volwaardige ondersteuningsorganisasie in die SAW erken. Genl.-maj. (ds.) JA van Zyl is as die eerste kapelaan-generaal aangestel en saam met hom het ’n adjunk-kapelaan-generaal en vyf senior stafoffisiere in die portefeuljes Kapelaansbediening, Opleiding, Leër, Lugmag en Vloot by die Kapelaanshoofkwartier in Pretoria gedien. Tydens ’n herstrukturering

13 A Marwick, *Women at war 1914-1918* (Londen: Croom Helm, 1977), p. 40.

14 Die Kapelaansvroue SAW, *Die kapelaansvrou* (Pretoria: Daan Retief Uitgewers, 1982).

15 Me. Ria van Rensburg is die eertydse vrou van wyle genl.-maj. (ds.) CP Naudé, kapelaan-generaal vanaf 1983 tot 1990. Sy is weer getroud en woon tans in Pretoria. Sy het goedgunstiglik haar versameling knipsels, briewe, kaartjies en ander dokumente vir hierdie navorsingsprojek beskikbaar gestel. Dit sal in die verwysings aangedui word as die Privaatversameling, Ria van Rensburg (PRR).

16 Onderhoud: I Bredenkamp (Navorser, UV) – R van Rensburg (Kapelaan-generaalsvrou, 1983-1990), Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012.

van die Kapelaanshoofkwartier in 1981 is verskeie nuwe direktorate gevorm. Drie hiervan, te wete Bediening, Personeel en Logistiek/Finansies, was by die Kapelaanshoofkwartier gesetel. Die ander het by die onderskeie weermagdele se hoofkwartiere, naamlik die Leër, Lugmag, Vloot, Geneeskundige Dienste en die Suidwes-Afrika Territoriale Gebiedsmag, gedien.[17] Dit was die eggenotes van hierdie leierskorps van die SAKD wat die Kapelaansvrouekomitee gevorm het.

As organisasie was die SAKD op ’n denominale grondslag geskoei. In 1971 was daar 11 geloofsgemeenskappe in die SAKD verteenwoordig. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) was die talrykste (48,7%) en aanstellings by die Kapelaanshoofkwartier was meestal vanuit hierdie denominasie. Ander geloofsgemeenskappe het die Joodse geloof, die Rooms-Katolieke Kerk, die Anglikaanse Kerk, die Apostoliese Geloofsending, die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika, die Gereformeerde Kerk en die Vrye Kerke – ’n samevoeging van die hulpbronne van die Presbiteriaanse, die Baptiste, die Metodiste en die Kongregasie (Congregational) Kerk – ingesluit. In 1979 het die Metodiste Kerk sy verbintenis met die Vrye Kerke verbreek, terwyl verskeie Pinkster (Pentacostal)-kerke hulle bedieninge in 1974 saamgevoeg het. Die denominale bedieningsbeginsel van die SAKD het interkerklike kontak en bediening ’n gegewe in die SAW gemaak, en die Kapelaansvrouekomitee se samestelling en werksaamhede het binne hierdie dampkring plaasgevind. Me. Elsa van Zyl het tydens ’n damesoggendtee te Pretoria op 27 Mei 1982 daarop gewys dat, hoewel kapelaansvroue aan verskillende denominasies behoort, almal dieselfde lewende God aanbid en na dieselfde geestelike doelwitte en oogmerke streef, en daarom nie op onderlinge verskille ag slaan nie.[18]

Kapelane is as staandemag-, deeltydse, burgermag- of kommandokapelane aangestel. Sedert 1977 het afgestudeerde teologiese studente hulle diensplig as nasionale dienspligkapelane in die SAKD voltooi. Kapelane was in ’n gebiedseenheid as, byvoorbeeld, vlootkapelaan, leërkapelaan of hospitaalkapelaan werksaam, en staandemagkapelane het saam met hul gesinne in die weermageenhede gewoon.[19] Hoewel dit slegs van staandemagkapelaansvroue verwag is om by die onderskeie weermagdele se damesverenigings aan te sluit, was

17 Van Niekerk, pp. 3, 187-188, 192.

18 JF Potgieter, *Die militêre kapelaan: die ontstaan en ontwikkeling van die amp, taak en organisasie van militêre kapelane in die geskiedenis van die Christelike kerk, met besondere verwysing na Suid-Afrika* (DD, Universiteit Pretoria, 1971), p. 320; Van Niekerk, pp. 185, 193; Die Kapelaansvroue SAW, p. 17; Privaatversameling Ria van Rensburg (PRR), *Die kapelaansvroue: geskiedkundige oorsig*, p. 17; Anon., “Kapelaansvroue stel hul Melita met ’n dankbare hart bekend”, *Paratus*, Julie 1982, p. 93.

19 Sien Potgieter, pp. 329, 331-332; Van Niekerk, pp. 188-189, 241; Anon., “Genl-maj (ds) JA van Zyl”, *In Hoc Signo* 9(1), Junie 1983, pp. 4-5; C Naudé, “Die kapelaansdiens”, *Die Boodskapper: Ned. Geref. Gem. Waverley-Oos* 3(5), Junie 1987, p. 1; Anon., “Two years national service for chaplains”, *In Hoc Signo* 5(2), Junie 1980, p. 4.

dit een van die Kapelaansvrouekomitee se hoofdoelstellings om deurgaans ’n band van samehorigheid onder alle kategorieë kapelaansvroue te vestig.

Studies wys deurgaans daarop dat daar geen verskil tussen die kapelaansbediening in die militêre konteks en die geestelike bediening in die burgerlike konteks is nie; alleen die logistiek van die werksomgewing verskil.[20] Die Kapelaansvrouekomitee het dus die werksaamhede van kapelaansvroue as predikantsvroue gerig, maar altyd binne die militêre konteks van offisiersvroue wat hulle eggenote bystaan.[21]

## 2.2 Die Weermagdamesvereniging

Reeds tydens die Eerste Wêreldoorlog het die eggenotes van Suid-Afrikaanse soldate saamgespan om in die behoeftes van die Suid-Afrikaanse troepe te voorsien. In 1940, tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945), het genl. JC Smuts, premier van die Unie van Suid-Afrika, die werksaamhede van vroue verbonde aan regiment-, naaldwerk-, brei- en welsynsgroepe saamgesnoer in die “South Africa Gifts and Comforts Committee”, en sy eggenote is as voorsitter van die Uitvoerende Komitee van hierdie organisasie verkies.[22] Die invloed wat leierskap uitoefen, is reeds tydens haar dienstydperk gedokumenteer. “Under her [Ms Smuts’] leadership a subtle change of attitude manifest itelf [...]. Large groups of women began working with new enthusiasm under her leadership.”[23]

Hoewel die werksaamhede van hierdie organisasie in Januarie 1946 tot ’n einde gekom het, het die eggenotes van offisiere van die Unie-Verdedigingsmag (UVM) nog gereeld ontmoet en fondse vir welsynswerk onder soldate ingesamel. Sedert 1948 is verskeie organisasies en verenigings vir die eggenotes van Suid-Afrikaanse militêre personeel in die onderskeie weermagdele gestig. Die “Naval Women’s Association” het in 1948 tot stand gekom en gedurende die vyftiger- en vroeg-sestigerjare het verskeie Lugmag- en Leërdamesverenigings hul beslag gekry.[24] Die eggenote van die destydse minister van verdediging, adv. FC Erasmus, het tydens ’n offisiersvrouebyeenkoms op Saterdag, 20 September 1958, te Voortrekkerhoogte (vandag Thaba Tswane) daarop gewys dat gemeenskappe ’n behoefte aan dienslewering deur vroue het; juis omdat vroue ’n besondere bydrae kan lewer.[25]

---

20 Sien, onder andere, Potgieter, pp. 356-357; G Latham, “Christianity in the Army”, *Paratus* 24(1), Januarie 1972, pp. 30-31.

21 Die Kapelaansvroue SAW, pp. 10, 24; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg, Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012. Vir ’n oorsig van die werksaamhede van kapelaansvroue in hierdie verband, sien Bredenkamp en Wessels, pp. 120-140.

22 PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging/History of the Defence Force Ladies Association*, pp. 2-3.

23 *Ibid.*, p. 3

24 *Ibid.*, pp. 5-7.

25 *Ibid.*, p. 6.

In 1970 het die noodsaak aan groter solidariteit onder die vroue van die onderskeie weermagdele daartoe gelei dat die Weermagdamesvereniging as ’n sambreelorganisasie vir die verskillende damesverenigings in die SAW gestig is. Die hoof van die SAW se eggenote het as presidente gedien en die eerste dame in hierdie hoedanigheid was me. GM (Gertie) Hiemstra. Die Weermagdamesvereniging se visie was om positiewe diens aan die SAW te lewer deur daadwerklike steun aan, bevordering van, en begrip vir die man se taak, en om diensleweringsgeleenthede vir die onderskeie weermagdamesverenigings op verskillende terreine te skep. Hierdie terreine is met verloop van tyd as geestelike en fisiese weerbaarheid, die jeug en die gesin, kultuur, sport en sosiale en vryetydsbesteding afgebaken. ’n Kwessie wat deurgaans in die SAW en by die Weermagdamesvereniging van belang was, was steun aan dienspligtiges. Dit is van elke staandemaglid se eggenote verwag om by die Weermagdamesvereniging in te skakel deur ’n lid te word van een van die weermagdele se damesverenigings en om betrokke te wees by die geleenthede en aksies wat in die formasie, kommandement en eenheid geloods word. Die Weermagdamesvereniging het die verskillende damesorganisasies se werksaamhede gekoördineer en die eerste sodanige geleentheid was tydens die RSA 10-vieringe in 1971.[26]

Op 1 September 1976 het me. Margot Malan presidente van die Weermagdamesvereniging geword en onder haar leiding is verskeie wysigings aan die konstitusie aangebring. Die sentrale bestuur sou voortaan uit die eggenote van die minister van verdediging as ere-presidente, die eggenote van die hoof van die SAW as presidente, die eggenotes van die hoofde van die onderskeie weermagdele, ’n sekretaresse en ’n tesouriere bestaan. In 1980 is die konstitusie weer gewysig om die eggenotes van die kapelaan-generaal en van die geneesheer-generaal op die bestuur in te sluit.[27]

In ’n boodskap aan die Leërdamesvereniging se hoofbestuursvergadering gedurende 1978 som me. Malan die redes op waarom vroue lidmaatskap van hierdie tipe organisasie aanvaar: “Trots is ek [...] omdat ek deur my deelname my land en volk indirek, soms ook direk kan dien. [...] Trots is ek ook omdat ek my man se taak vir hom daardeur kan ligter maak [...]. Deelname [...] is vir my lekker, hoofsaaklik omdat dit ’n hegte vriendskapsband tussen ons dames smee [...]. Bywoning van Damesverenigingaktiwiteite is gesellig, maar ook leersaam [...]. Ons [...] is in die gelukkige posisie dat ons aan ’n organisasie behoort wat beide sosiale omgang bied én die geleentheid om te werk vir een of ander welsynsaksie. [...]. Vir ons as denkende vroue wat tog daarvan hou om konstruktief te lewe, kan daar geen beter

26 *Ibid.*, pp. 1, 8; Die Kapelaansvroue SAW, p. 18.
27 PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, pp. 13-14, 22.

geleentheid wees om al ons persoonlike ambisies en ons behoeftes aan vriendskap te bevredig as binne die raamwerk van die Weermag se Damesvereniging nie."[28]

## 3. DIE STIGTING VAN DIE KAPELAANSVROUEKOMITEE

As die eggenote van die eerste kapelaan-generaal in die SAW, het me. Elsa van Zyl van meet af aan haar man bygestaan en haarself beywer om struktuur aan die werksaamhede van kapelaansvroue te gee. Na deeglike besinning, het sy besef dat, hoewel kapelaansvroue nie almal aan dieselfde damesvereniging onder die sambreel van die Weermagdamesvereniging behoort nie, onderlinge eenheid en samewerking noodsaaklik was indien hulle in die groter militêre milieu van betekenis wil wees.[29] Onder haar leiding het 'n eerste algemene byeenkoms van staandemagkapelaansvroue op 2 Desember 1969 by die NG-gemeente Voortrekkerhoogte plaasgevind. Hierdie geleentheid het met die tweejaarlikse konferensie van staandemagkapelane saamgeval en 21 dames het die geleentheid bygewoon. Sewe geloofsgemeenskappe was verteenwoordig. Die eggenote van die destydse hoof van die SAW, me. Gertie Hiemstra, het die rol van die kapelaansvrou in die SAW toegelig, maar die hoofbesprekingspunt het gehandel oor metodes om aan jong nasionale dienspligtiges 'n geestelike tuiste in die militêre milieu te bied. Tydens die byeenkoms is besluit dat kapelaansvroue voortaan meer gereeld byeen sal kom ten einde onderwerpe eie aan die taak van die kapelaansvrou te bespreek.[30] Hierna het verskeie byeenkomste van staandemagkapelaansvroue gevolg. Op 31 Maart 1971 het 17 dames by die NG-gemeente Voortrekkerhoogte-Oos byeengekom, terwyl me. Elize Botha, eggenote van die minister van verdediging, 'n byeenkoms by die Wynbergoffisiersmenasie op 28 Maart 1972 toegespreek het. Op 5 September 1974 het me. Margot Malan, as gasspreker by 'n konferensie te Voortrekkerhoogte, 44 dames toegespreek oor die vereistes wat aan 'n gasvrou tydens militêre geleenthede gestel word.[31]

Aanvanklik het hierdie byeenkomste die taak van kapelaansvroue gerig. Met verloop van tyd het die behoefte aan 'n oorhoofse komitee wat die werksaamhede van die verskillende weermagdele se kapelaansvroue kon koördineer daartoe gelei dat die Kapelaansvrouekomitee op 26 Februarie 1976 sy beslag gekry het met 'n eerste genotuleerde vergadering in die biblioteek van die Skool vir Tegniese Opleiding, Voortrekkerhoogte. Die eggenotes van die SAKD se stafoffisiere het sitting op die komitee gehad en die kapelaan-generaal se vrou het as voorsitter gedien. Addisionele lede kon, indien nodig, gekoöpteer word. Die eerste komitee het bestaan uit mee.

28 *Ibid.*, p. 19.
29 Anon., "Kapelaansvroue sê dankie en tot siens", *In Hoc Signo* 9(1), Junie 1983, p. 8.
30 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 1; Die Kapelaansvroue SAW, p. 124; Van Niekerk, pp. 221, 223; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, p. 8.
31 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 1; Van Niekerk, pp. 221, 223.

Elsa van Zyl (eggenote kapelaan-generaal), Rika van der Walt (eggenote adjunk-kapelaan-generaal), Hannah[32] de Kock (eggenote stafoffisier: leër), Eunice van den Aardweg (eggenote stafoffisier: lugmag), Jean Pretorius (eggenote stafoffisier: vloot), Pauline Potgieter (eggenote stafoffisier: opleiding) en Fransie Meintjies (eggenote stafoffisier: kapelaansbediening). Me. M Dreyer het as sekretaresse opgetree. Tydens hierdie vergadering is eenstemmigheid bereik dat daar nie ’n aparte damesvereniging vir kapelaansvroue gestig moes word nie. Kapelaansvroue se taak en bydrae moes binne die konteks van die Weermagdamesvereniging en die bestaande damesorganisasies geskied. Die Kapelaansvrouekomitee sou slegs dien om die betrokkenheid en die werksaamhede van die verskillende weermagdele se kapelaansvroue te koördineer.[33] Hoewel die Kapelaansvrouekomitee dus binne die dampkring van die mans se werksomgewing onstaan het, het dit verskil van organisasies soos die “Navy Wives Clubs” van Amerika omdat lidmaatskap beperk was tot die eggenotes van lede van die Kapelaanshoofkwartier.

Net soos die Weermagdamesvereniging het die Kapelaansvrouekomitee verskeie doelwitte geformuleer. Sommige het die unieke aard van die Kapelaansvrouekomitee weerspieël, terwyl ander by dié van die Weermagdamesvereniging aangesluit het. Eersgenoemde groep het verbeterde onderlinge kontak tussen alle kategorieë kapelaansvroue, insluitende afgetrede kapelaansvroue, tussen kapelaansvroue en ander weermagvroue, en tussen kapelaansvroue en burgerlike vroue-organisasies ingesluit, asook die omlyning van die kapelaansvrou se taak en die bevordering van haar beeld in die militêre konteks. Daarbenewens het die Kapelaansvrouekomitee hulle dit ten doel gestel om die algemene geestelike weerbaarheid in die SAW te bevorder, om ’n fonds daar te stel wat hierdie doewit onder staandemagpersoneel se vroue en kinders kon verwesenlik, en om diensbaarheidsprojekte vir kapelaansvroue te loods waardeur spesifieke behoeftes in die SAW aangespreek kon word.[34]

32 In die geraadpleegde bronne word twee spelwyses vir Hannah/Hanna gebruik. Die spelwyse soos dit in die bron voorkom, is behou, maar “Hannah” is deurgaans in die teks gebruik.

33 Die Kapelaansvroue SAW, pp. 124, 126-127; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, p. 13; PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, pp. 1, 6; Van Niekerk, p. 223. Tydens die herstrukturering van die Kapelaanshoofkwartier in 1981 is stafoffisiere met kapelaansdirekteure vervang. Sien pp. 80-82, *supra*.

34 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, pp. 2-5; Van Niekerk, pp. 223-225; Die Kapelaansvroue SAW, pp. 126-128; PRR, *’n Oorsig oor die aktiwiteite van die Kapelaansvrouekomitee vanaf 1 Mei 1983–30 November 1990*, deel B, C en D; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, pp. 1-2; PRR, Omsendbrief R Naudé – Kapelaansvroue, Maart 1988; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg, Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012. Die Kapelaansvrouekomitee het verskeie projekte geloods wat in behoeftes van die militêre gemeenskap moes voorsien en indirek ook bygedra het tot die geestelike welstand van die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap. Sommige, soos die geestelike publikasies en die toerusting van kapelaansvroue vir hulle taak, word in hierdie artikel bespreek. Die omvangrykheid van ander, soos die Kersfeesaksie, waardeur kerspakkies na staandemagpersoneel se gesinne aan die grens gestuur is, die Melita-tuiste, wat

Binne die groter opset van die Weermagdamesvereniging het die Kapelaansvrouekomitee hulle beywer vir kapelaansvroue se positiewe inskakeling by, en deelname aan, die onderskeie weermagdele se damesverenigings, en om hulle te motiveer om verantwoordelikheid vir sekere van die Weermagdamesvereniging se doelstellings te aanvaar, onder meer meelewing met soldate se naasbestaandes, omsien na nasionale dienspligkapelane se gesinne en die hantering van geestelike publikasies. Self, het die Kapelaansvrouekomitee verantwoordelikheid vir die SAW Kerkkoor en Konsertgroep (die Kanaries) aanvaar. Wanneer versoek, het hulle spesiale programme vir die onderskeie weermagdele se damesorganisasies aangebied. Gedurende September 1976 is 'n program oor krisisweerbaarheid vir die Leërdamesvereniging aangebied. Op 19 Mei 1990 het die Kapelaansvrouekomitee begin om 'n jaarlikse gebedsontbyt in Pretoria vir lede van die damesverenigings wat onder die sambreel van die Weermagdamesvereniging geressorteer het, aan te bied. Die gasspreker tydens die eerste geleentheid was Engela Linde, terwyl Anna Neethling Pohl as kunstenaar opgetree het.[35]

## 4. DIE KAPELAANSVROUEKOMITEEFONDS

Aanvanklik het die Kapelaansvrouekomitee nie oor eie fondse beskik nie, maar op 1 Oktober 1977 het die Kanaries 'n konsert in die Pretoria-stadsaal ten bate van 'n fonds vir die Kapelaansvrouekomitee aangebied. By dié geleentheid was kapelaansvroue verantwoordelik vir die konsertreëlings en die kaartjieverkope. Die Kanaries was 'n interkerklike koorgroep bestaande uit ongeveer 50 nasionale dienspligsoldate. Hulle het sedert 1972 onder die SAKD geressorteer en konserte en kooroptredes landswyd aangebied. Die opbrengs van hulle konserte en musiekverkope is vir geestelike bearbeiding en die verspreiding van Bybels in die SAW gebruik. Tot 1990 het die Kapelaansvrouekomitee na voltooiing van die basiese opleiding hierdie groepie dienspligsoldate besoek en op verversings getrakteer. Tydens hierdie geleenthede is hulle ook dikwels op 'n mini-konsert vergas. 'n Noue band het op hierdie wyse tussen die Kapelaansvrouekomitee en die Kanaries ontwikkel.[36]

---

huisvesting aan besoekende naasbestaandes van pasiënte in 1 Militêre Hospitaal gegee het, en die koffiekamerprojek, noodsaak egter 'n aparte bespreking en word dus nie verder hier hanteer nie.

35 Die Kapelaansvroue SAW, pp. 19, 30, 127-128; Van Niekerk, pp. 224-225; PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, pp. 2-5; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, pp. 1-2; PRR, *'n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel C; PRR, Omsendbrief R Naudé – Kapelaansvroue, 10 Februarie 1990; PRR, Omsendbrief R Naudé – Kapelaansvroue, Maart 1988; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg, Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012.

36 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, pp. 2, 5; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 6; PRR, *'n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel D; Anon., "The Chaplains' Wives Committee visit the choir and concert group", *In Hoc Signo* 11(1), Februarie 1985, p. 6; Anon., "Chaplains' wives get together", *In Hoc Signo* 12(2), Junie 1986, p. 7; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg,

Fondse vir die Kapelaansvrouekomitee is aansienlik versterk toe me. Margot Malan as presidente van die Weermagdamesvereniging in Januarie 1981 ’n bedrag van R10 000 uit ’n insameling van R50 000 na die Kapelaansvrouefonds oorgedra het. Die insameling was op inisiatief van me. Malan wat verskeie formele balgeleenthede ter stywing van die Verdedigingsfonds aangebied het. Die Kapelaansvrouekomitee het die skenking belê en die renteverdienste uit die belegging vir geestelike werk binne die SAW aangewend. Kerkorganisasies, siviele organisasies en die Suiderkruisfonds het in later jare ook tot die projekte van die Kapelaansvrouekomitee bygedra. In 1981 is ’n bedrag van R5 529,46 deur kerke en privaat instansies aan die Kapelaansvrouefonds geskenk en in 1988 is R20 000 deur kerkorganisasies en R10 000 deur Eerste Nasionale Bank ter ondersteuning van die Melita-tuiste en die koffiekamers bewillig. In 2004, met die diensaanvaarding van brig.-genl. M Cornelissen as kapelaan-generaal, is besluit om die fondse in die Kapelaansvrouefonds na die Kapelaangeneraalsfonds oor te plaas, aangesien die Kapelaansvrouekomitee sedert die 1990’s nie meer aktief gefunksioneer het nie.[37]

## 5. WERKSAAMHEDE VAN DIE KAPELAANSVROUEKOMITEE

Die Kapelaansvrouekomitee het maandeliks vergader om die werksaamhede van kapelaansvroue te koördineer, landswye en gebiedskonferensies te reël en skakeling binne en buite die SAW op geestelike vlak te bewerkstellig. Die lokalisering van die komitee by Voortrekkerhoogte het tot gevolg gehad dat vergaderings in en om Pretoria plaasgevind het. Komiteelede wat op ander plekke woonagtig was en nie die vergaderings kon bywoon nie, soos me. Dawn Moore van die Anglikaanse Kerk, wie se man as direkteur kapelaansdiens: vloot (1989-2001) in Simonstad gestasioneer was, het gereeld al die notules ontvang.[38]

Met verloop van tyd het die Kapelaansvrouekomitee gepoog om hulle werksaamhede meer vaartbelyn te maak en is daar besluit dat die opdrag van elke komiteelid in ooreenstemming met haar eggenoot se portefeulje by die Kapelaanshoofkwartier moet wees. So, byvoorbeeld, het die eggenote van die direkteur kapelaansdiens: lugmag alle sake rakende die eggenotes van

Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012. Vir meer inligting aangaande die Kanaries, sien Van Niekerk, pp. 225-228.

37 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 2; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, pp. 23, 38; Anon., “First National Bank contributes towards Melita”, *In Hoc Signo* 14(2), November 1988, p. 8; Anon., “Western Cape contributes towards Melita”, *In Hoc Signo* 6(1), Maart 1981, p. 5; Onderhoud: I Bredenkamp (Navorser, UV) – Brig.-genl. (ds.) M Cornelissen (Kapelaan-generaal, 2004-2011) en me. L Cornelissen (Kapelaan-generaalsvrou, 2004-2011), Bloemfontein, 12 Julie 2013.

38 Van Niekerk, p. 225; PRR, Omsendbrief R Naudé – Kapelaansvroue, 10 Februarie 1990; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg, Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012.

lugmagkapelane hanteer en het die eggenote van die direkteur kapelaansdiens: bediening verantwoordelikheid vir die reël van kapelaansvrouekonferensies aanvaar.[39]

Tydens ’n Kapelaansvrouekomitee-vergadering in 1979 is ’n gebedskring op versoek van me. Hannah de Kock in die lewe geroep. Dit sou as die Hannah-gebedskring bekend staan en alle kapelaansvroue is betrek om in hul daaglikse stiltetyd voorbidding te doen vir besondere sake in die kapelaansbediening. Van die sake wat op die gebedslys verskyn het, was die uitreik van verskillende kerkgenootskappe na mekaar in hul roeping om Jesus Christus te verkondig, die kapelaansbediening in die algemeen en spesifieke persone en groepe in die SAW, onder andere die gesinne van verkenningskommandolede en dienspligkapelane, en die naasbestaandes van dienspligtiges. Daar is ook gereeld ingetree vir die projekte en die geestelike publikasies wat die Kapelaansvroukomitee geloods het.[40]

Organisasies maak van formele verhoudinge, wat in die grondwet en gedragskodes van ’n organisasie opgesluit lê, gebruik, maar ook van informele netwerke wat op feitlik alle vlakke van ’n organisasie kan ontwikkel.[41] Aangesien die Kapelaansvrouekomitee binne die konteks van die Kapelaanshoofkwartier ontstaan het, was noue skakeling met hierdie hoofstroomorganisasie ’n gegewe. Vanaf 1980 het die Kapelaansvrouekomitee ’n jaareindgeselligheid in die vorm van ’n ligte middagete vir die personeel van die Kapelaanshoofkwartier aangebied. Op dié wyse wou hulle dankie sê vir hulp en ondersteuning deur die jaar. Aanvanklik is die ete by die Kapelaanshoofkwartier aangebied, maar in 1983 het die geleentheid na die gemeentesaal van die NG-gemeente Arcadia, Pretoria, verskuif. Vanaf 1987 het die Kapelaanshoofkwartier egter die reëlings vir die jaareindfunksie oorgeneem en het die Kapelaansvrouekomitee tot 1990 slegs verversings gedurende ’n bedien.[42]

’n Behoefte onder die eggenotes van die Kapelaanshoofkwartierpersoneel en kommandement- en gebiedskapelaansvroue om oor hulle werksaamhede te gesels, het daartoe gelei dat hulle vergun is om die jaarlikse spanbougeleenthede van die Kapelaanshoofkwartierpersoneel by te woon. Die eerste geleentheid het in 1980 te Umdloti plaasgevind, in 1981 by Buffelspoort, in 1982 te Sappers Rust en in 1983 te Nuwe Dimensies. ’n Gebrek aan fondse het die geleenthede tussen 1984 en 1988 in die wiele gery, maar in 1989 het die byeenkoms te Infoplan in Pretoria plaasgevind. Tydens dié geleenthede het die Kapelaansvrouekomitee ’n

---

39 Die Kapelaansvroue SAW, pp. 126-127.

40 Van Niekerk, p. 223; PRR, *’n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel D; Anon., “Hannagebedskring: kapelaansvroue verenig in gebed”, *In Hoc Signo* 6(1), Maart 1981, p. 5; Anon., “Hanna gebedskring”, *In Hoc Signo* 7(1), Maart 1982, p. 6; Anon., “Hanna gebedskring”, In Hoc Signo 7(2), Julie 1982, p. 6; Anon., “Hannah’s prayer circle”, *In Hoc Signo* 8(3), Desember 1982, p. 8; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg, Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012.

41 Giddens, pp. 784, 786.

42 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 4; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg, Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012.

eie program gevolg wat hoofsaaklik op die taak en posisie van die kapelaansvrou gerig was. Dit het egter nie ander aanbiedings uitgesluit nie. Gedurende die 1983-spanbousessie het prof. F van Graan, naas aanbiedings deur ander sprekers oor die hantering van vroulike staandemagpersoneel, noodsituasies en rampslagoffers, die vroue toegespreek oor persoonlikhede, selfevaluering en gesonde verhoudinge. Eietydse vraagstukke is ook aangespreek. In 1989, op die vooraand van die demokratiseringsproses in Suid-Afrika, is onderwerpe oor konflikhantering en onderhandelingsvaardighede behandel. Die besprekings is gewoonlik na afloop van die spanbouprogram aan kapelaansvroue deurgegee.[43]

’n Ander vorm van informele netwerke het gelê in die skakeling tussen die Kapelaansvrouekomitee en ander vroueorganisasies. Dit het geskied deur die optredes van gassprekers, briefwisseling en persoonlike besoeke. Die Kapelaansvrouekomitee het ook as gasvrouens geleenthede geskep waartydens die gemeenskap oor die doel, vordering en finansiering van hulle projekte ingelig is. Op 27 Mei 1982 het die Kapelaansvrouekomitee sleutelfigure uit verskeie burgerlike damesverenigings, universiteite, kolleges, die plaaslike bestuur en die Suid-Afrikaanse Uitsaaiwese, asook die eggenotes van hooggeplaasde weermagoffisiere tydens ’n oggendtee oor die taak van die kapelaansvrou, die betekenis van die kapelaansvroue-embleem en die Melita-projek ingelig. Die Kanaries het by dié geleentheid opgetree en elke gas het ’n eksemplaar van die boekie, *Net maar ’n woord/Just a word* ontvang.[44]

Die Kapelaansvrouekomitee het ook ekumenies met kerklike vroueorganisasies geskakel. Op versoek van die NG Vroueaksie se dagbestuur het ’n vergadering met die Kapelaansvrouekomitee op 5 Mei 1981 plaasgevind en hierdie samesprekings het daartoe gelei dat me. Ria Naudé, eggenote van die direkteur kapelaansdiens: bediening (1982-1983), die Algemene Vrouekomitee van die NG Kerk die daaropvolgende jaar oor die taak van die kapelaansvrou toegespreek het. Vanaf 1983 het me. Naudé gereeld die jaarlikse vergadering van hierdie organisasie bygewoon om veral sake met betrekking tot die Kapelaansvrouekomitee se koffiekamerprojek uit te klaar. In 1985 het die Algemene Vrouekomitee tydens hulle jaarvergadering ’n besoek aan 1 Militêre Hospitaal te Voortrekkerhoogte gebring om nader kennis te maak met die pastorale versorging van oorlogbeseerdes en met die Kapelaansvrouekomitee se Melita-projek.[45]

---

43 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 17; Anon., “Vroue by spanbou 1981”, *In Hoc Signo* 6(3), November 1981, p. 7; Anon., “Spanbou 1982”, *In Hoc Signo* 8(3), *s.a.*, p. 9; Anon., “Spanbou”, *In Hoc Signo* 9(3), Desember 1983, p. 6; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 3.

44 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, pp. 5, 17; Die Kapelaansvroue SAW, pp. 126-127; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 3; Anon., “Melita tea”, *In Hoc Signo* 7(2), Julie 1982, p. 8; Anon., “Women’s group from Warmbaths visits Melita”, *In Hoc Signo* 12(3), November 1986, p. 10. Vir meer inligting oor die publikasie, *Net maar ’n woord/Just a word*, sien p. 95, *infra*.

45 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 5; Die Kapelaansvroue SAW, pp. 126-127; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 3; Anon., “Hoofkomitee van Vroueaksie besoek

Die hooftaak van die Kapelaansvrouekomitee was om die werksaamhede van kapelaansvroue te rig, om hulle toe te rus vir hulle taak en om nouer onderlinge skakeling tussen alle kategorieë kapelaansvroue te bevorder. Ten einde duidelikheid te kry oor die rol en betrokkenheid van kapelaansvroue in die militêre milieu, het die Kapelaansvrouekomitee gedurende 1978 ’n vraelys opgestel en, op grond van die inligting wat verkry is, ’n skrywe oor die positiewe betrokkenheid van kapelaansvroue aan alle kapelaansvroue gestuur. Hierdie inligting was ook die beginpunt vir die belangrike doelstelling van die Kapelaansvrouekomitee om die werksaamhede van kapelaansvroue in die SAW te rig en om hulle toe te rus vir hulle taak.[46]

Kommunikasie is ’n krities-bydraende faktor tot die sukses van ’n organisasie en navorsing het bevind dat die mate van kommmunikasie deur die leierskorps van ’n organisasie laasgenoemde op koers kan hou en kan verseker dat die doelstellings verwesenlik word, aldan nie.[47] As ’n organisasie met ’n beperkte ledetal was kommunikasie binne die Kapelaansvrouekomitee nooit ’n probleem nie. Ten einde die doelstellings van die Kapelaansvrouekomitee te verwesenlik, was dit egter noodsaaklik dat ’n effektiewe kommunnikasielyn na alle kapelaansvroue in die breër militêre milieu geskep word. Tot 1980 is van afgerolde omsendbriewe gebruik gemaak, maar gedurende November 1980 het ’n nuusbrief in die vorm van ’n vrouerubriek in die amptelike publikasie van die SAKD, *In Hoc Signo*, die omsendbriewe vervang. Die nuusbrief is deur een van die Kapelaansvrouekomiteelede behartig en, hoewel die Kapelaansvrouekomitee die aanvoorwerk gedoen het, kon alle kapelaansvroue berigte en foto’s oor hulle werksaamhede instuur. Behalwe die artikels en nuusbrokkies oor die werksaamhede van kapelaansvroue in die verskillende weermagdele en gebiedseenhede, het die vrouerubriek ook inligting oor militêre aspekte, projekte, konferensies en kursusse bevat. Daarbenewens is inligting oor kapelaansvroue, byvoorbeeld nuwe aanstellings en afskeidsboodskappe aan vertrekkende vroue, daarin weergegee. Die Hannah-gebedskring se versoeke vir voorbidding het ook as deel van die vrouerubriek verskyn en die Kapelaansvrouekomitee het alle kapelaansvroue uitgenooi om te deel in die gebedskring.[48]

---

Kapelaansvrouekomitee”, *In Hoc Signo* 11(2), Mei 1985, p. 7.

46 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 2; Anon., “Belangrike taak van vrouens aangetoon”, *In Hoc Signo* 3(6), September 1978, p. 10.

47 R Kreitner en A Kinicki, *Organizational behavior* (Boston: Irwin McGraw-Hill, 2001), pp. 478-479.

48 *Ibid*., p. 479; PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 4; Van Niekerk, p. 223; Die Kapelaansvroue SAW, pp. 126-127; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 2; PRR, *’n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel D; Anon., “Kapelaansvroue aan die woord”, *In Hoc Signo* 5(3), November 1980, p. 4; Anon., “A word from the chaplain’s [sic] wives”, *In Hoc Signo* 5(3), November 1980, p. 4; Anon., “Hannagebedskring”, p. 5; Anon., “Hanna gebedskring”, *In Hoc Signo* 7(1), Maart 1982, p. 6; Anon., “Hanna gebedskring”, *In Hoc Signo* 7(2), Julie 1982, p. 6; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg, Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012.

Tussen 1977 en 1979 het die Kapelaansvrouekomitee hospitaalbesoeke deur kapelaansvroue op ’n vrywillige basis georganiseer. Geestelike lektuur is uitgedeel en pasiënte wat hulp benodig het, is onder die hospitaalkapelaan se aandag gebring. Sedert 1979 het nasionale dienspligkapelane egter hierdie bediening oorgeneem.[49]

Die Kapelaansvrouekomitee het vroeg reeds aansluiting gevind by die sosiologiese waarhede dat groepsdinamika individue sosialiseer om in te skakel by ’n organisasiekultuur; dat mentorskap en persoonlike kontak die beste metodes is om hierdie doelwit te verwesenlik; en dat die leierskorps van ’n organisasie ’n sleutelrol in hierdie proses speel.[50] Ten einde kapelaansvroue toe te rus vir die geestelike weerbaarheidsdoelwit van die Kapelaansvrouekomitee en hulle deel te maak van die visie van die Weermagdamesvereniging, het lede van die Kapelaansvrouekomitee landswyd saam met hul eggenote gereis om persoonlike kontak met kapelaansvroue in die verskillende kommandemente en eenhede te bewerkstellig. Gedurende Februarie 1982 het me. Van Zyl kapelaansvroue te Kroonstad, Bloemfontein, Grahamstad, Port Elizabeth en Oudtshoorn besoek. Onder haar leiding het samehorigheid en eenheid onder álle kapelaansvroue ’n belangrike doelstelling van die Kapelaansvrouekomitee geword. Ook afgetrede kapelaansvroue is nie vergeet nie en gedurende 1989 is ’n byeenkoms vir afgetrede kapelaanspare in Kaapstad aangebied.[51] Die Kapelaansvrouekomitee het ook ’n gereelde briefwisseling met kapelaansvroue by die diplomatieke missies in Parys, Londen en Washington in stand gehou en kapelaansvroue genooi om hierin te deel. Die waarde van hierdie briefwisseling spreek duidelik uit die volgende bedankingsbrief van ’n kapelaansvrou: “Die aanpassing in Parys was in die begin baie moeilik. [...] ’n Baie groot dankie [...] vir die liefde en ondersteuning en aandag wat ek van die kapelaansvroue in die komitee ontvang het. Die baie vriendelike briewe, het ’n baie warm gevoel hier duskant gebring.”[52]

Die beginsel van groepsdinamika en persoonlike kontak het ook gestalte gevind in opleidingskursusse en kapelaansvrouekonferensies. Die eerste opleidingskursus vir kapelaansvroue het vanaf 26 tot 28 September 1978 te Voortrekkerhoogte plaasgevind. Die doel was om kapelaansvroue te motiveer om as ’n hulpdiens vir die kapelaansbediening op te tree en om hulle toe te rus vir hierdie taak. Die kursus is deur 38 dames bygewoon en is vanaf 24 tot 26 Oktober 1978 in Kaapstad herhaal. Gedurende 1988 is kursusse/konferensies in Pretoria, Bloemfontein en Kaapstad aangebied. Tydens hierdie geleenthede het kapelaansvroue lesings ontvang en

49 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 2.

50 Kreitner en Kinicki, pp. 87, 386.

51 PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 3; Anon., “Nuus-brokkies”, *In Hoc Signo* 7(1), Maart 1982, p. 6; PRR, *’n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel D.

52 PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 3; PRR, Omsendbrief R Naudé – Kapelaansvroue, Maart 1988; Anon., “Nuus-brokkies”, *In Hoc Signo* 7(1), Maart 1982, p. 6; Anon., “Marietjie groet Parys”, *In Hoc Signo* [geen jaargang aangedui](2), Oktober 1984, p. 6.

is besprekings gevoer oor die rol van die vrou in die militêre geloofsbediening. Kursusse en konferensies is ook in kommandementverband, in samewerking met die kommandementbevelvoerdersvrou en kommandementkapelaansvrou, aangebied. Gedurende Junie 1982 het die eggenote van die bevelvoerder van die Kommandement Witwatersrand, me. Erna van Heerden, 'n kursus vir vroue van staandemagweermaglede aangebied, waartydens die kapelaansvrou se bydrae binne weermagverband ook onder die loep geneem is.[53]

Kapelaansvrouekonferensies het gewoonlik met die SAKD se nasionale en gebiedskapelaanskonferensies saamgeval. Dit was daarop gerig om geleenthede te skep waar kapelaansvroue mekaar persoonlik kon leer ken en gesamentlik oor hulle rol en taak binne die SAW kon besin. Onderwerpe wat hanteer is, het gehandel oor die taak van en die verwagtinge rondom die kapelaansvrou in die weermag. Die eerste konferensie ná die stigting van die Kapelaansvrouekomitee het op 2 Junie 1977 plaasgevind. Tydens die geleentheid is aandag geskenk aan die vrou as eggenote en as lidmaat van haar kerk, terwyl me. Phayama, hoof van maatskaplike werk in Mamelodi, met die dames in gesprek getree het oor menseverhoudinge. Gedurende 1981 is agt kapelaansvrouekonferensies landwyd onder leiding van mee. E van Zyl en R Naudé in die verskillende Leërkommandemente vir alle kategorieë kapelaansvroue aangebied. Die eerste konferensie is op 6 Maart in Kommandement Suid-Kaap aangebied en die daaropvolgende konferensies het op 16 Maart in Kommandement Oostelike Provinsie plaasgevind, op 17 Maart in Noordwestelike Kommandement, op 5 Mei in Kommandement Noord-Transvaal, op 20 Junie in Kommandement Wits, op 28 Julie in Kommandement Westelike Provinsie, op 19 Augustus in Kommandement Vrystaat en op 10 September in Kommandement Natal. 'n Totaal van 204 kapelaansvroue het hierdie konferensies bygewoon en verskeie aspekte van die kapelaansvrou se bediening in die militêre konteks is in kleingroepe bespreek. Klem is veral op die hantering van die alleenvrou, wie se man grensdiens verrig, gelê. Die dames is oor die omstandighede in hulle betrokke bevelsgebied, die situasie in die operasionele gebied en die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika ingelig. Die konferensies, soos onder meer die Natal Kommandement-konferensie wat op 10 September 1981 in Durban plaasgevind het, is met 'n gesamentlike byeenkoms van kapelane en hul eggenotes geopen, waartydens die taak van die kapelaan toegelig is. Dit het aan kapelaansvroue die geleentheid gebied om insig in en begrip vir die werksomgewing van hul eggenote te verkry. Daarna het die dames apart vergader en is hulle deur lede van die Kapelaansvrouekomitee toegespreek. Kapelaansvrouekonferensies op streeksvlak

53 Anon., "Kapelaansvrouens woon kursus by", *In Hoc Signo* 3(6), September 1978, p. 5; Anon., "Daarmee is ons besig: Kommandement Witwatersrand", *In Hoc Signo* 7(2), Julie 1982, p. 6; PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 2; PRR, Omsendbrief R Naudé – Kapelaansvroue, Maart 1988; Die Kapelaansvroue SAW, p. 114; Kreitner en Kinicki, pp. 86-87.

is soms in die wiele gery deur ’n gebrek aan fondse, maar terugvoer oor die waarde van hierdie konferensies was deurgaans positief.[54]

Robert Kreitner en Angelo Kinicki wys daarop dat die sosialisering ten opsigte van ’n organisasiekultuur inderwaarheid reeds plaasvind voordat ’n individu by ’n organisasie aansluit, en hulle verwys in dié verband na die Amerikaanse marinewerwingsprogram.[55] Op soortgelyke wyse was dit SAKD-beleid dat lede van die Kapelaanshoofkwartier die teologiese skole te Pretoria, Potchefstroom en Stellenbosch besoek in die jaar voordat voornemende dienspligkapelane by die weermag sou aansluit om inligting oor die militêre omstandighede te verskaf en om vrae te beantwoord. Tydens die besoeke het lede van die Kapelaansvrouekomitee hulle eggenote vergesel om die vrouens en verloofdes van die dienspligkapelane te ontmoet. Die geleenthede het óf aan huis van die plaaslike kommandementkapelaansvrou óf in ’n kerksaal plaasgevind en dit is deur al die denominasies se dames bygewoon. Gassprekers het aspekte wat van belang was, toegelig, waarna die dames in besprekingsgroepies onder leiding van lede van die Kapelaansvrouekomitee verdeel het. Sedert 1982 het elke dienspligkapelaan se vrou of verloofde ook ’n eksemplaar van die kapelaansvrouehandleiding ontvang.[56]

Reeds in 1980 het die Kommandement Oranje-Vrystaat se kapelaansvroue die behoefte aan ’n handleiding vir kapelaansvroue uitgespreek. Dit het daartoe gelei dat die Kapelaansvrouekomitee mee. Elsa van Zyl, Ria Naudé en Maritha Smith afgevaardig het om die raamwerk vir so ’n handleiding op te stel. Bydraes vir die publikasie is van kapelaansvroue, bevelvoerdersvroue en die personeel van die Kapelaanshoofkwartier verkry. Mee. Elsa van Zyl, Ria Naudé, Maritha Smith, M Dreyer, Pauline Potgieter en Dolly Kemp het die samestelling hanteer en me. Eunice van den Aardweg het dit na voltooiing in Engels vertaal. Daan Retief-uitgewers het die oplaag van 5 000 hardebandkopieë, bestaande uit 3 000 Afrikaanse eksemplare en 2 000 Engelse eksemplare, gedruk. Die drukkoste van R5 000 is deur Volkskasbank geborg. Die Kapelaansvrou het in 1982 die lig gesien. Die publikasie het vanuit alle oorde groot waardering ontvang en dit is

54 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, pp. 1, 5; Van Niekerk, p. 224; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, p. 25; Die Kapelaansvroue SAW, p. 127; Anon., “Meer as 200 kapelaansvroue by konferensies”, *In Hoc Signo* 6(3), November 1981, p. 6; Anon., “Natal Command: chaplains conference 10 Sept. 1981”, *In Hoc Signo* 7(1), Maart 1982, p. 11; Anon., “Kapelaansvroue hou konferensie”, *In Hoc Signo* 7(2), Julie 1982, p. 8; Anon., “Kapelaansvroue sê dankie”, p. 8; E Linde, “Transvaalse kapelaansvroue-konferensie”, *In Hoc Signo* 14(1), Mei 1988, p. 7; PRR, Omsendbrief R Naudé – Kapelaansvroue, Maart 1988. Die Transvaalse kapelaansvroue kon vir etlike jare nie byeen kom nie as gevolg van ’n gebrek aan fondse. Vergelyk Linde, p. 7.

55 Kreitner en Kinicki, p. 85.

56 Van Niekerk, p. 224; Anon., “Vroue van toekomstige dienspligkapelane kom bymekaar”, *In Hoc Signo* 7(1), Maart 1982, p. 7; Anon., “Nuusbrokkies [sic]”, *In Hoc Signo* 8(3), Desember 1982, p. 8; Die Kapelaansvroue SAW, pp. 34-35.

opgedra aan me. Elsa van Zyl, wat ’n reuse-aandeel in die totstandkoming daarvan gehad het. Die voorwoord is deur me. Ristie Viljoen, eggenote van die hoof van die SAW, geskryf. Die doel van die publikasie was om kapelaansvroue toe te rus vir hulle taak en om hulle in te lig oor die praktiese aspekte van geestelike bediening binne ’n militêre milieu. Hiermee is een van die hoofdoelstellings van die Kapelaansvrouekomitee, naamlik om die taak van kapelaansvroue te rig, verwesenlik. Inhoudelik gee dit ’n oorsig oor die militêre konteks; die taak van die kapelaansvrou; skakeling met die bevelvoerdersvrou, burgermag-, kommando- en dienspligkapelaansvroue; die organisasie en rangstrukture van die SAW en van die SAKD; en die verwagtinge rondom militêre etiket. Daar is ook ’n hoofstuk oor die alleenvrou, die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika en oor die kwessie van gewetensbesware. Elke kapelaansvrou het ’n eksemplaar ontvang, terwyl daar ook ’n eksemplaar in die argief van elke damesvereniging onder die sambreel van die Weermagdamesvereniging geplaas is. Buitelandse besoekers aan die Kapelaanshoofkwartier het ’n komplementêre kopie ontvang.[57]

Die bekendstelling van die publikasie het tydens ’n kapelaansspanbou-geleentheid plaasgevind en is op 11 Augustus 1982 tydens ’n geselligheid by Sappeursrus gevier. Die eggenotes van alle gebieds- en kommandementskapelane, asook me. Ristie Viljoen en twee ander generaalsvroue, mee. Muller en Putter, het die verrigtinge bygewoon. Ander eregaste het mnr. Daan Retief, me. Joey van Huysteen en kapelaansvroue van die Polisie- en Gevangenisdiens ingesluit. Daarbenewens het kapelaansvroue van die Pretoria-omgewing ook die geleentheid bygewoon. Me. Eunice van den Aardweg het die verrigtinge met Skriflesing en gebed geopen, terwyl me. Ria Naudé ’n kort oorsig oor die ontstaan van die handleiding gegee het. Die eerste eksemplaar is deur me. T Retief aan me. Van Zyl oorhandig, waarna me. Ristie Viljoen haar dank en waardering vir dié inisiatief aan die kapelaansvroue oorgedra het. Die publikasie het nie alleen die taak van kapelaansvroue omlyn nie, maar ook aan buitestaanders ’n blik gegee op die funksionering van die militêre milieu. Me. Joey van Huysteen, wat die geleentheid op uitnodiging aan Volkskas bygewoon het, skryf dat dit vir haar geestelik verrykend was om insig en begrip te verkry vir die groepie kapelaansvroue wat straal in hul ywer in diens van hulle Skepper en medemens. As gevolg van ’n gebrek aan fondse kon die publikasie nie in later jare opgedateer word nie.[58]

---

57 Die Kapelaansvroue SAW, *passim*; PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, pp. 3-4; Van Niekerk, p. 225; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, p. 22; Anon., “Nog ’n publikasie op pad!”, *In Hoc Signo* 6(2), Julie 1981, p. 7; Anon., “Publikasie op pad!”, *In Hoc Signo* 6(3), November 1981, p. 7; Anon., “Nuus-brokkies”, *In Hoc Signo* 7(1), Maart 1982, p. 6; Anon., “Vroue se boek verskyn”, *In Hoc Signo* 8(3), Desember 1982, p. 10.

58 Die Kapelaansvroue SAW, *passim*; PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, pp. 3-4; Van Niekerk, p. 225; Anon., “Publikasie op pad!”, *In Hoc Signo* 6(3), November 1981, p. 7; Anon.,

Aangesien die Kapelaansvrouekomitee verantwoordelikheid vir geestelike publikasies aanvaar het, het enkele ander geestelike publikasies ook uit die pennevrug van kapelaansvroue verskyn. Die belangrikste hiervan was ’n bundel getiteld, *Net maar ’n woord/Just a word*. Dit het bestaan uit kort, geestelike boodskappe wat deur kapelaansvroue geskryf is en het die geestelike onderskraging van die alleenvrou, wie se man met grensdiens besig was, ten doel gehad. Mee. A Pretorius, D Kemp, R Cilliers, J Daines en Z Pretorius was verantwoordelik vir die saamstel van die bundel. Die eerste oplaag van 15 000 is in 1980 gedruk en die Kapelaansfonds het die koste van R16 000 gedra. Die boekie is gratis in die SAW deur middel van die kommandementskapelaansvroue versprei. Staandemagvroue kon dit gaan haal, terwyl burgermag- en kommandokapelane se eggenotes dit skriftelik by die kommandementskapelaansvrou moes aanvra. Kerke buite die SAW het dit teen ’n vrywillige donasie ontvang. Die boekie was in aanvraag en die tweede druk van 30 000 het in 1981 verskyn.[59]

Organisasiekultuur en gemeenskaplikheid word nie net deur abstrakte waardes, norme en tradisies in ’n organisasie gevestig nie, maar ook deur uiterlike simbole. Ten einde ’n band van gemeenskaplikheid onder kapelaansvroue te vestig, het die Kapelaansvrouekomitee sedert 1982 elke staandemagkapelaansvrou van ’n naamspeldjie voorsien. Die naamspeldjie is tydens funksies gedra om te verseker dat kapelaansvroue maklik uitkenbaar was tussen ander dames. Dit is volgens die amptelike kapelaanskenteken (die In Hoc Signo-teken) ontwerp en op ’n jaarlikse basis aan nuwe kapelaansvroue gegee. Die koste vir die naamspeldjies is deur die Kapelaansvrouekomitee gedra. ’n Eie embleem is ook vir die groetekaartjies wat deur kapelaansvroue uitgestuur is, ontwerp. Die amptelike kapelaanskenteken het die agtergrond van die groetekaartjie gevorm met ’n vrouefiguur in die middel.[60]

Met genl.-maj. Van Zyl se aftrede in April 1983, is genl.-maj. CP Naudé as die nuwe kapelaan-generaal aangestel en sy eggenote, me. Ria Naudé, het die leisels van die Kapelaansvrouekomitee by me. Van Zyl oorgeneem.[61] Tydens die afskeidsgeleentheid vir me. Elsa Van Zyl is kennis geneem van die talle projekte wat onder haar leiding ’n aanvang geneem het en van die impak wat hierdie

---

“Vroue se boek verskyn”, *In Hoc Signo* 8(3), Desember 1982, p. 10; J van Huyssteen, “Briewe”, *In Hoc Signo* 8(3), Desember 1982, pp. 10-11.

59 PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 3; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, pp. 22-23; PRR, *’n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel B; Anon., “Nuus-brokkies”, *In Hoc Signo* 7(1), Maart 1982, p. 6.

60 Kreitner en Kinicki, p. 83; Anon., “Nuus-brokkies: naamplaatjies”, *In Hoc Signo* 7(2), Julie 1982, p. 6; Anon., “Eie naamspeldjies vir Kapelaansvrouekomitee”, *Paratus*, Julie 1982, p. 102; Foto: “Vroue ontvang naamplaatjies”, *In Hoc Signo* 8(3), Desember 1982, p. 8; Anon., “Kapelaansvroue sê dankie”, p. 8; PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, p. 5; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg, Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012.

61 PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, p. 27; Van Niekerk, p. 225; Anon., “Ria Naude [sic] – new chairlady Chaplains’ Wives Committee”, *In Hoc Signo* 9(1), Junie 1983, p. 8.

projekte binne die militêre en burgerlike konteks gehad het. Daarbenewens het kapelaansvroue getuig hoedat samewerking aan projekte 'n hegte onderlinge vriendskapsband gesmee het. Die belangrikste Kapelaansvrouekomitee-projekte het ingesluit kapelaansvrouekonferensies, die vrouerubriek, skakeling na binne en buite die SAW om die beeld van die kapelaansvrou uit te dra, omsien na nasionale dienspligkapelaansvroue, Kersfeesaksies, hospitaalbesoeke, publikasies en die Melita-tuiste. Laasgenoemde projek was die uitdagendste en het die betrokkenheid van die Kapelaansvrouekomitee op 'n dag-tot-dag-basis gevra.[62]

Me. Van Zyl se aftrede vind plaas tydens 'n hoogtepunt in die geskiedenis van die Kapelaansvrouekomitee. Talle van haar ideale is verwesenlik, waaronder die gereelde aanbied van kapelaansvrouekonferensies landswyd, die erkenning van kapelaansvroue in die SAW, die naamspeldjies en 'n gesonde, sterk bankbalans. Sy word veral ook gehuldig vir die geslaagde samesnoering van alle kapelaansvroue, insluitende deeltydse en nasionale dienspligkapelaansvroue, dwarsoor die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (vandag Namibië). 'n Afskeidsgeleentheid is op 25 April 1983 in die kerksaal van die NG-gemeente Voortrekkerhoogte gereël en 40 vroue van verskillende geloofsgemeenskappe het die geleentheid bygewoon. Me. Ria Naudé het tydens die geleentheid namens die kapelaansvroue waardering uitgespreek vir me. Van Zyl se toewyding en vir die feit dat sy haarself ten volle gegee het in haar leiding aan kapelaansvroue. 'n Fotobeeld is as afskeidsgeskenk aan me. Van Zyl oorhandig.[63]

Met haar oorname as voorsitter van die Kapelaansvrouekomitee was me. Ria Naudé reeds etlike jare as bestuurslid by die werksaamhede van die komitee betrokke. Sy het drie jaar lank as sekretaresse gedien en in die jaar voor me. Van Zyl se uittrede, was sy ook vise-voorsitter. Sy was dus goed bekend met die werksaamhede van die Kapelaansvrouekomitee en het reeds haar leierskap tydens die kapelaansvrouekonferensies getoon; 'n faktor wat deeglik tydens haar en haar eggenoot se dienstydperk getoets sou word. Nie alleen is die Grensoorlog[64] tydens

62 Die Kapelaansvroue SAW, pp. 127-128; Anon., "Kapelaansvroue sê dankie", p. 8; Anon., "Kersfeesaksie 83", *In Hoc Signo* 9(3), Desember 1983, p. 7; Van Niekerk, pp. 223-225; Die Kapelaansvroue SAW, pp. 127-128; Anon., "Hannagebedskring", p. 5; Anon., "Kapelaansvroue gee geskenke", *Paratus*, Maart 1982, p. 75; Anon., "Melita – a deed of mercy: Mrs Malan", *In Hoc Signo* 5(3), November 1980, pp. 1, 3; Onderhoud: I Bredenkamp (Navorser, UV) – me. Grietjie Jordaan (Kapelaan-generaalsvrou, 1990-1994), Pretoria, 8 Julie 2013, telefoongesprek 15 Januarie 2014.

63 Anon., "Kapelaansvroue sê dankie", p. 8; Anon., "Afskeid mev Elsa van Zyl", *In Hoc Signo* 9(1), Junie 1983, p. 9; Anon., "Meer as 200 kapelaansvroue", *In Hoc Signo* 6(3), November 1981, p. 6.

64 Vanuit 'n militêre geskiedenisoogpunt gesien, word die bestaanstydperk van die Kapelaansvrouekomitee deur die sogenaamde Grensoorlog (1966-1989) oorheers. Sommige van die Kapelaansvrouekomitee se projekte, soos die Kersaksies en die koffiekamerprojek, staan in die teken van die konflik en, aangesien hierdie projekte 'n onafhanklike studie regverdig, sal die Grensoorlog ook meer sentraal staan in so 'n bespreking.

hierdie tydperk op die spits gedryf nie, maar hoë eise is ook gestel aan hulle geestelike begeleiding tydens die onsekerheid wat geheers het in die afloop van die oorlog. Die nuwe komitee, wat saam met haar die leisels oorgeneem het, het bestaan uit me. Pauline Potgieter as ondervoorsitter en tesouriere en me. Maritha Smith as sekretaresse. Me. Eunice van den Aardweg het verantwoordelikheid aanvaar vir publikasies en me. Ria Jordaan vir die Melita-projek. Me. Griet Jordaan het die Leër verteenwoordig, me. Chrisetta Roets die Lugmag, me. Jean Pretorius die Vloot en me. Dolly Kemp Geneeskundige Dienste.[65]

Die eskalering van die Grensoorlog tydens die tagtigerjare van die vorige eeu, het tot gevolg gehad dat gesinne van staandemaglede by ’n militêre omgewing moes aanpas waarin oproepinstruksies vir grensdiens uitgestaan het. Vroue se verantwoordelikhede tuis het vermeerder, terwyl ’n mate van onsekerheid en spanning altyd aanwesig was. Me. Naudé het die Grensoorlog eerstehands beleef en sy was goed bekend met die eise wat grensdiens aan die gesin gestel het. By geleentheid was haar man vir ses maande op die grens en moes sy en haar kinders alleen die mas opkom. Grensdiens het haar bewus gemaak van hoe kosbaar, maar ook hoe kwesbaar, die gesin was. Dit was vir haar belangrik dat vroue die werklikheid van grensdiens sou aanvaar en die Here sou vertrou met wat nodig was. [66] Daarbenewens was sy ook goed bekend met die situasie op die grens. Met haar man se diensaanvaarding as gebiedskapelaan van die operasionele gebied in 1976, het sy besef hoe belangrik ’n stukkie “normaliteit” soos tee en gebak vir die grenssoldaat was. Daarom het sy tydens haar dienstydperk die dryfkrag agter ’n uiters suksesvolle koffiekamerprojek geword; in so ’n mate dat ’n Amerikaanse Viëtnam-veteraan by geleentheid opgemerk het: “If only we had something like that in Viëtnam [sic], if only our folks at home were so concerned about us, it could have changed the outcome of the war.”[67] In 1981 is vier koffiekamer-fasiliteite binne die operasionele gebied geopen en teen 1985 het die getal tot 48 gegroei. Kerklike vroueorganisasies het voogdyskap vir bepaalde koffiekamers aanvaar – die sogenaamde “Dankie Tannie”-pakkies – en die Kapelaansvrouekomitee het die skakeling en koördinering van die projek behartig. Die koffiekamers het uiteindelik ook in onontbeerlike ruimtes vir die bediening van die kapelaan ontwikkel.[68]

Hoewel die eerste groep kapelaansvroue die operasionele gebied reeds vanaf 19 tot 21 September 1979 onder leiding van me. Elsa van Zyl besoek het, het me.

65 Anon., “Nuus-brokkies”, *In Hoc Signo* 7(1), Maart 1982, p. 6; Anon., “Ria Naude [sic]”, p. 8.

66 W de Vos, “Ria Naude [sic]: ’n vrou tot beskikking van die Here”, *Die Voorligter*, Mei 1990, pp. 42-43; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg, Pretoria, 5 Augustus 2012, 22 Oktober 2012.

67 De Vos, pp. 42-43; Onderhoud: I Bredenkamp – R van Rensburg, Pretoria, 5 Augustus 2012, Oktober 2012.

68 Van Niekerk, p. 225; De Vos, p. 43; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, p. 28; PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, pp. 4, 20-21; PRR, *’n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel C; Anon., “Christelike koffiekamer te P.D. skool”, *In Hoc Signo* 6(2), Julie 1981, pp. 10-12.

Naudé hierdie besoeke sedert 1984 na kerklike vroueorganisasies, betrokke by die koffiekamerprojek, uitgebrei. Die doel was nie alleen om hulle bewus te maak van die algemene toestande in die operasionele gebied nie, maar veral om hulle eerstehands bloot te stel aan die besondere behoeftes rondom die koffiekamerprojek.[69] Na ’n besoek deur die Vroueaksie van die NG Kerk skryf een van die dames: “Oral is die koffiekamers gretiglik aan ons gewys en elke keer het ons uit baie monde gehoor: ‘Sê asseblief baie dankie aan al die tannies!’” Sy vervolg: “Met hierdie werk kan ons nie ophou nie. Dit het deel geword van die lewe in die operasionele gebied.”[70] Na afloop van die Grensoorlog het die binnelandse koffiekamers nog ’n ruk lank bly voortbestaan.

Die Weermagdamesvereniging het die jaar 1989 as ’n waterskeidingsjaar, wat sy merk ook op die damesverenigings in die SAW afgedruk het, bestempel.[71] Alle aksies in die operasionele gebied is afgesluit en onderhandelinge vir ’n demokratiesverkose regering in die Republiek van Suid-Afrika het begin. Aangesien die militêre kapelaansbediening, soos dit in westerse weermagte bedryf is, ’n vreemde konsep vir die Suid-Afrikaanse swart bevrydingsbewegings was wat meestal militêre opleiding in kommunistiesgesinde lande soos die Volksrepubliek van China en Noord-Viëtnam ondergaan het, het die Kapelaansvrouekomitee reeds in 1988 ’n kerkoggend gereël waartydens swart en bruin vroueorganisasies oor die aard van die kapelaansbediening ingelig is. Terugskouend word gemeld dat die gemeenskappe waardering getoon het vir die aanbieding en dat hulle nie daarvan bewus was dat die SAW soveel erns met die verkondiging van die Woord gemaak het nie.[72] Hierdie inisiatief is verder gevoer deur besoeke aan swart woongebiede en twee geleenthede waartydens die Kapelaansvrouekomitee meningsvormers in die swart vrouegemeenskap oor die werksaamhede van die SAKD ingelig het. Die eerste het gedurende November 1989 in Pretoria by die menasie van die Verdedigingshoofkwartier plaasgevind, terwyl die tweede geleentheid op 31 Maart 1990 by 21 Bataljon in Johannesburg aangebied is. Tydens hierdie geleenthede het swart en bruin kapelane en hulle eggenotes die gehoor toegespreek, terwyl die optrede van die Kanaries ook groot byval gevind het. Soos by die vorige geleentheid is vermeld dat die dames aangenaam verras was dat daar plek vir godsdiens in die SAW was.[73]

---

69 De Vos, p. 43; PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, pp. 21, 28; PRR, *Die kapelaansvroue: geskiedkundige*, pp. 4, 21; PRR, *’n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel C; Anon., “Dames besoek ops gebied”, *In Hoc Signo* 11(2), Mei 1985, p. 6; Anon., “Vroue besoek Opsgebied [sic]”, *In Hoc Signo* 13(2), September 1987, p. 6; Anon., “Nuwe waardering na grensbesoek”, *In Hoc Signo* 11(3), September 1985, p. 7; Van Niekerk, p. 225.

70 Anon., “Dames besoek die operasionele gebied”, *In Hoc Signo* 12(1), Januarie 1986, pp. 6-7.

71 PRR, *Geskiedenis van die Weermagdamesvereniging*, p. 38.

72 *Ibid*.; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 3.

73 PRR, *’n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel D; PRR, Omsendbrief R Naudé – Kapelaansvroue, 10 Februarie 1990.

Die afloop van die Grensoorlog en die periode daarna was 'n tydperk van aanpassing, rasionalisering en transformasie, en die gepaardgaande emosies van onsekerheid en argwaan het hoë eise aan die kapelaan-generaalspaar se leierskap en geestelike begeleiding gestel. Me. Naudé het saam met haar eggenoot die kapelaansgesinne in die operasionele gebied besoek om hulle tydens die onsekerheid van die oorgangstydperk te bemoedig. In 'n omsendbrief aan kapelaansvroue, gedateer 10 Februarie 1990, skryf me. Naudé dat die nuwe sosiale bedeling in Suid-Afrika en die veranderinge in die SAW noodwendig tot aanpassings sou lei en dat sy vertrou dat elke kapelaansvrou wysheid en genade sal ontvang in die hantering van elke uitdaging.[74] Met haar uittrede as voorsitter van die Kapelaansvrouekomitee skryf sy op 28 November 1990 dat die tydperk as kapelaansvrou vir haar 'n uitstaande tydperk in haar lewe en 'n heerlike ervaring was. In 'n oorsig oor die uitdagings van haar dienstydperk gee sy erkenning aan die kapelaansvroue wat deurgaans hulle verantwoordelikhede met 'n besondere sensitiwiteit vir die eise van elke fase nagekom het, en skryf sy dat sy 'n diepe waardering vir hulle entoesiasime, lojaliteit en onvermoeide ywer het.[75] Sy sluit haar dienstydperk af met die woorde: "My modest contributions were made for the Lord, in weakness but from the heart."[76] Sy word beskryf as 'n vrou wat kon optree volgens die eise van elke dag omdat sy haarself tot beskikking van die Here gestel het.[77]

## 6. DIE LAASTE TYDVAK

In Desember 1990 neem genl.-maj. (ds). RP Jordaan die leisels as kapelaan-generaal oor en vir die volgende vier jaar het hy en sy vrou, me. Grietjie Jordaan, die SAKD vir 'n multi-kulturele bediening geposisioneer. Me. Jordaan vertel dat inligtingsgeleenthede oor die werksaamhede van kapelaansvroue in die militêre konteks vir die vroue van die ander integrerende militêre magte gehou is, maar dat belangstelling ontbreek het. Die multidimensionele en multikulturele aard van die demokratiseringsproses, die fyn voetwerk tussen botsende belange en die onderlinge argwaan het betrokkenheid by vrouekwessies by die eggenotes van militêre personeel geërodeer.[78] Daarbenewens het 'n nuwe tydvak vir vroue in die

74 PRR, *'n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel A; PRR, Omsendbrief R Naudé – Kapelaansvroue, 10 Februarie 1990; PRR, *Verslag kapelaansvroue 1989*, p. 1.

75 PRR, Brief R Naudé – Kapelaansvroue, 28 November 1990; PRR, *'n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel A.

76 PRR, *'n Oorsig oor die aktiwiteite*, deel A.

77 De Vos, p. 43.

78 Die beginselverskille tussen die SAW en MK het, byvoorbeeld, onderhandelinge dikwels tot op die randjie van skipbreuk ly, gebring. Vergelyk in dié verband I Bredenkamp en A Wessels, "The South African Military Chaplaincy Service and transformation, 1990-1998", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 36(3), Desember 2011, p. 103 *et seq*.

Suid-Afrikaanse militêre milieu na 1994 aangebreek, en het die aanstelling van vroue op alle vlakke van die permanente SANW-personeel voorkeur begin geniet.

Organisasies kan slegs voortbestaan indien die lede kollektief saamwerk aan ’n gemeenskaplike doelwit. Wanneer die doelwit vervaag, verdwyn die bestaansredes vir die organisasie en raak dit oorbodig. Giddens wys daarop dat die moderne samelewing minder geneig is om aan konvensionele organisasies te behoort as ’n paar dekades gelede, en dat sommige sosioloë daaruit aflei dat gemeenskapslede se toewyding aan hul samelewing afneem. Die transformasieproses het tot gevolg gehad dat die organisasiekultuur van die SAW en die SANW verskil. In die multikulturele aard van die SANW het aspekte wat van belang was in die SAW nie noodwendig dieselfde betekenis in die SANW gehad het nie. Die Weermagdamesvereniging in sy bestaande vorm het nie deel van die SANW geword nie en die Kapelaansvrouekomitee het dienooreenkomstig ophou funksioneer.[79]

Die samesnoering van kapelaansvroue en hul aktiwiteite het weer in 2005 te berde gekom. Op 11 Junie 2005 is die aangeleentheid tydens ’n vergadering van senior kapelane en hul eggenotes te Bronkhorstspruit bespreek en, in Augustus 2007, het dit het weer te berde gekom tydens ’n beplanningsessie van die Kapelaanshoofkwartier. Op 29 September 2007 is ’n ontbytgeleentheid vir kapelaansvroue van die Tshwane-omgewing gereël. Onder leiding van me. Lizette Cornelissen, eggenote van die kapelaan-generaal, brig.-genl. M Cornelissen, is besluit om meer gereeld te vergader en om ’n formele konstitusie op te stel. Die verwagting was dat die byeenkomste vir kapelaansvroue in die Tshwane-omgewing uiteindelik na die hele land sou uitkring.[80] In 2008 het die kapelaansvroue van senior kapelane die eerste kwartaallikse byeenkoms van die SANW-Vroueforum in Pretoria aangebied.[81] Hoewel ’n rubriek vir kapelaansvroue in die twee 2008-uitgawes van die amptelike kapelaanspublikasie, *The Military Chaplain*, verskyn het, het die klem op die SANW-Vroueforum geval en nie soseer op die werksaamhede van kapelaansvroue nie.[82]

---

79 Onderhoud: I Bredenkamp – G Jordaan, Pretoria, 8 Julie 2013, telefoongesprek 15 Januarie 2014; Van Niekerk, p. 225; Giddens, pp. 823-824.

80 Anon., “Birth of chaplains’ spouses organisation”, *The Military Chaplain* 4(2), Somer 2005, p. 17; DG Masuku, “Chaplains’ spouses in Tshwane (Pretoria) area meet”, *The Military Chaplain* 6(2), Somer 2007, p. 16.

81 L Cornelissen, “Wives of chaplains host generals’ wives”, *The Military Chaplain* 7(1), Winter 2008, p. 30. Die SANW-Vroueforum bestaan uit die eggenotes van generaals en elke weermagdeel of divisie kry ’n beurt om die kwartaallikse byeenkoms van die Forum aan te bied.

82 Sedertdien het net een uitgawe van *The Military Chaplain* in 2011 verskyn, maar sonder ’n rubriek vir kapelaansvroue.

## 7. SLOTBESKOUING

Met inagneming van die tradisionele beperkinge op die rol wat vroue in organisasies kon speel en teen die agtergrond van die uitsluitlik manlike karakter van die SAW, is dit tog opmerklik dat vroue as eggenotes hulle taak kon identifiseer en buite die amptelike organisasiekanale kon organiseer om hulle eggenotes by te staan tot voordeel van die breër gemeenskap waarbinne hulle geleef het. Kapelaansvroue het binne hierdie dampkring ’n bydrae gelewer tot die vroueorganisasies van die verskillende weermagdele, maar, omdat hulle hul taak in die SAW as eiesoortig gedefinieer het, is die Kapelaansvrouekomitee in 1976 gestig. Hierdie komitee het tot die vroeë negentigerjare van die vorige eeu daarin geslaag om struktuur aan die taak en rol van kapelaansvroue binne die militêre opset te gee en om diensbaarheidsprojekte te loods wat die grense van geestelike versorging en sosiale welsyn in die militêre gemeenskap verskuif het; ’n suksesverhaal wat individuele kapelaansvroue moeilik sou kon vermag. Diensbaarheidsprojekte, soos die Melita-tehuis en die Koffiekamerprojek het indirek ook bygedra tot die welsyn van die breër Suid-Afrikaanse samelewing, veral tydens die Grensoorlog, en verdien ’n onafhanklike studie.

Die waarde van die Kapelaansvrouekomitee binne die raamwerk van die militêre kapelaansbediening in Suid-Afrika kom duidelik na vore wanneer me. DG Masuku in 2007 in *The Military Chaplain* skryf: “There was once a time when chaplains’ spouses used to have an active organization. But this organization dissolved [...]. The need emerged among chaplains to revive the organization.”[83]

83 Masuku, p. 16.